
# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 17

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. T[illegible]de is die opstanding van Christus vir ons n [illegible]bare waarborg van ons salige opstanding.



Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?




Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.

Romeine 4:25: Hy is ter wille van ons oortredings oorgelewer, en ter wille van ons regverdigmaking opgewek

1 Korintiërs 15:16-18: Want as dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs, en is julle steeds in julle sondes. Dan is ook diegene wat in Christus ontslaap het, verlore.

1 Petrus 1:3: Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?




Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek.

Romeine 6:4: Deur die doop is ons dus saam met Hom in die dood begrawe, sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, ook ons só 'n nuwe lewe kan lei.

Efesiërs 2:4-6: Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel ons dood was as gevolg van die oortredings, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam met Christus lewend gemaak – uit genade is julle verlos! Ja, Hy het ons in Christus Jesus saam opgewek, en saam laat sit in die hemel,

Kolossense 3:1-3: As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge daarbo, nie die dinge op aarde nie. Julle het immers gesterf, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?



Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

Romeine 8:11: As die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het in julle woon, sal Hy wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

1 Korintiërs 15:20-21: Maar nou, Christus ís opgewek uit die dood – die eersteling van die ontslapenes. Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens.

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

## SONDAG: 17 - VRAAG EN ANTWOORD: 45

Vraag: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. [1] Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. [2] Ten derde is die opstanding van Christus vir ons n betroubare waarborg van ons salige opstanding. [3]

1. Romeine 4:25; 1 Korintiërs 15:16-18; 1 Petrus 1:3
2. Romeine 6:4; Efesiërs 2:4-6; Kolossense 3:1-3
3. Romeine 8:11; 1 Korintiërs 15:20-21